March 2006
Volume 1, Issue 1

Dumela on line

*Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata*



***Rev Kiepie Jaftha, Chief Director: Community Service***

# UFS implements measures for a safe campus

The UFS management has approved a comprehensive strategic plan to boost security on the Main Campus in Bloemfontein.

In terms of the plan the following will be implemented in the near future:

- Five specified entrances and exits will remain (Nelson Mandela Drive Gate, Roosmaryn Gate, the Agricultural Gate, Wynand Mouton Gate and Furstenburg Gate). The smaller pedestrian gates will be reduced and security at the remaining gates will be increased. The fences around campus are to remain, upgraded and patrolled on a daily basis.
- Security measures at high-risk areas such as the Kovsie Church and the vehicle exit control at the gates will be increased. Security at the gates will be a combination of electronic and compulsory visual security control.
- Security at public areas, streets and footpaths will increased through lighting of streets and buildings, cutting back of the shrubs and trees and regular patrolling of streets and footpaths.
- Compulsory security systems are now forming part of all upgrading to existing buildings and the building of new structures. Different levels of security, that includes alarms and cameras, entrance control, lighting, panic buttons and security guards will be implemented at these buildings. The risk level of buildings will be determined by certain criteria. Buildings in the high risk category are the George du Toit Administration Building, the Main Building, the Sasol Library, the Department of Computer Services, computer laboratories and lecture halls.
- Security measures at the gates include the compulsory cutting and restarting of engines for all vehicles exiting gates (already implemented) and the implementation of speed bumps before and after security control points at all gates.
- The traffic flow at the gates will also be addressed. Additional staff will be appointed that will pay specific attention to ease traffic at the circle at the Agricultural Gate. A second exiting lane will be opened at the Agricultural Gate to enable vehicles to turn right and left in DF Malherbe Avenue. The confluence of traffic and the opening of three lanes for exiting traffic at the Nelson Mandela Gate will be addressed as well.

Special measures are in place to ensure the safety of residences and those who live there.

Regular audits will be done to determine the effectiveness of strategies and systems.

Rev Kiepie Jaftha, Chief Director: Community Service said: “The safety of people, whether they be staff, students or visitors or contract workers is of the utmost importance to the UFS. The university will as far as possible implement reasonable and affordable measures to ensure the safety and security of people, UFS assets and private possessions.”

Although he acknowledges that crime will never be completely eradicated, he ensured that the university will strive to create an environment where crime will be limited.

*Afrikaans version follows p.2*

**Contact us with news:**

| | |
|---|---|
| Leonie Bolleurs | 2707 |
| Anton Fisher | 2749 |
| Lacea Loader | 2584 |
| Karen Minnaar | 3422 |
| Leatitia Pienaar | 9188 |
| Hannes Pieterse | 3502 |
| Tumi Tabane | 2828 |

## Aanstellings

**Regter I.G. Farlam** is as buitengewone professor in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangestel.

**Regter A Kruger** in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking se termyn is verleng vir 'n verdere drie jaar.

# UV stel maatreëls in plek vir veilige kampus

Die UV-bestuur het 'n omvattende strategiese plan saamgestel om sekuriteit op die Hoofkampus in Bloemfontein te versterk.

In terme van die plan sal die volgende punte in die nabye toekoms geïmplementeer word:

- Vyf gespesifiseerde voertuigingange en –uitgange (Nelson Mandelarylaanhek, Roosmarynhek, Landbouhek, Wynand Moutonrylaanhek en Furstenburgrylaanhek) word behou. Die klein voetgangerhekke sal verminder word en sekuriteit sal opgeskerp word by die oorblywendes. Die heinings om die kampus sal behou word, opgegradeer word en daagliks gepatrolleer word.
- Die sekuriteitsmaatreëls by hoë risiko-areas, soos om Kovsiekerk en die voertuiguitgangbeheer by hekke sal verskerp word. Sekuriteit by laasgenoemde sal 'n mengsel wees van elektroniese en verpligte visuele sekuriteitskontroles.
- Sekuriteit by openbare ruimtes, paaie en wandelpaadjies sal opgeskerp word deur die strate en geboue te belig, struike en bome te snoei en deurlopende patrollering van paaie en wandelpaadjies.
- Sekuriteitsstelsels is nou verpligtend by geboue wat opgegradeer word en by nuwe geboue. Verskillende vlakke van beveiliging, wat insluit alarms en kameras, toegangsbeheer, beligting, paniekknoppies en sekuriteitspersoneel sal by dié geboue geïmplementeer word. Die risikovlak van geboue sal deur sekere kriteria bepaal word. Geboue wat in die hoërisikokategorie val, is bv. die George du Toit Administrasiegebou, die Hoofgebou, die Sasol Biblioteek, die Departement Rekenaardienste, rekenaarlaboratoriums en lesingsale.
- Veiligheidsmaatreëls by hekke behels die verpligte af- en aanskakel van voertuie wat die kampus verlaat en die aanbring van spoedwalle voor en na die sekuriteitshekke by die in- en uitgange.
- Planne is in plek om die verkeersvloei by hekke te verlig. Bykomende personeel sal aangestel word wat spesiaal aandag sal skenk aan die verligting van verkeersdruk by die Landbouheksirkel, die opening van 'n tweede uitgaande baan by die Landbouhek wat voertuie in staat sal stel om regs of links in DF Malherbelaan te draai en die invleg van verkeer en die opening van drie rybane vir uitgaande verkeer by die Nelson Mandelarylaanhek sal ook aangespreek word.

Spesiale maatreëls is in plek om koshuise en inwoners te beveilig.

Gereelde oudits sal gedoen word om die effektiwiteit van die strategieë en stelsels te bepaal.

Ds Kiepie Jaftha, Hoofdirekteur: Samelewingsdiens, sê: “Die veiligheid van mense, hetsy personeel, studente en besoekers en kontrakteurs is vir die UV van kardinale belang. Die universiteit sal so ver as moontlik redelike en bekostigbare maatreëls in plek stel wat 'n veilige kampus en werksomgewing sal bevorder waar mense, UV-bates en privaateiendom beskerm sal word.”

Alhoewel hy erken dat misdaad nooit totaal uitgeskakel kan word nie, verseker hy dat die universiteit sal poog om 'n omgewing te skep waar die pleeg van misdaad beperk sal word.